

# Subnuus

Personeelnuusbrief van die US Biblioteek- en Inligtingsdiens / Staff newsletter of the SU Library and Information Service

Vol 28 (3)

Oktober 2008

## In hierdie uitgawe:

- We welcome a few new faces
- Ons groet vir Marianna Kritzinger
- DC Boonzaier
- Larry Scully se "South-easter"
- Ingrid in Moskou!
- Boeke / Books

## INHOUD/CONTENT:

Boonzaier-sketse nou by Spesiale Versamelings	3
Die formidabele DC Boonzaier <i>Francois Verster</i>	4
“South-easter” deur Larry Scully <i>Marié Roux</i>	6
<b>PERSONEEL / STAFF</b>	
Welkom aan Chantel Coetzee	8
... en Alvina Matthee	8
Ons groet vir Marianna Kritzinger	9
<b>PROFESSIONEEL / PROFESSIONAL</b>	
Lindall by Afstandstudente <i>Lindall Adams</i>	12
Magic carpet ride <i>Ilse de Lange</i>	12
Biblioteek-dinge in Moskou <i>Ingrid van der Westhuizen</i>	13
<b>REIS / TRAVEL</b>	
Moskou-dinge <i>Ingrid van der Westhuizen</i>	16
<b>BOEKE / BOOKS</b>	
Company of liars; The Spanish bow <i>Nicky Palmer</i>	19
The Sword of Truth <i>Selma Kloppers</i>	19
The little black dress <i>Marleen van Wyk</i>	20
Stormkaap: drome kom altyd andersom uit <i>Joy Labuschagne</i>	20
Moxyland <i>Carine Tymbios</i>	20
Fotoboeke <i>Anneke Schaafsma</i>	21
<b>ANDER/OTHER</b>	
Die Bib: Uit die dagboek van 'n oud-student en -dosent <i>Chris Ackerman</i>	22

## Redakteursbrief

Beste kollegas

Dit is altyd vir my interessant om te sien hoe 'n uitgawe van *Subnuus* “gebore” word en elke dingetjie uiteindelik in plek val. Met hierdie uitgawe het ons besluit om iets oor nuwe en ou kunswerke wat in die biblioteek te siene is, te doen. Die nuwe Larry Scully skildery in die personeelkamer het heelwat stof vir gesprekke tydens teetyd verskaf. Ons besluit toe om bietjie meer te probeer uitvind oor die skildery en ook om personeel se insette te kry.

Die Sasol Kunsmuseum het nie eintlik inligting oor die skildery gehad nie, maar na my gesprek met Lydia de Waal, Direkteur van die museum, was ek darem iets wyser oor die skildery en ook oor Scully se skilderkuns. Ons kan haar gerus uitnooi om met 'n Happy Hour-sessie verder te gesels oor hierdie onderwerp.

Die Boonzaier-sketse wat onlangs weer opgesit is in Spesiale Versamelings is die ander kunsitem onder bespreking in hierdie uitgawe. Ek het dit goed gedink om ook 'n artikel oor D.C. Boonzaier wat in die *Kaapse Bibliotekaris* verskyn het, te plaas, sodat ons bietjie meer oor dié bekende figuur te wete kan kom. Dit is egter interessant dat die skrywer van dié artikel glad nie melding maak van hierdie waardevolle ver-

sameling wat ons besit nie.

In die “Personeel” afdeling verwelkom ons twee nuwe personeellede en ons neem weer eens afskeid. Dié keer van Marianna Kritzinger van Katalogisering. Lindall Adams vertel ons ook 'n bietjie oor haar pos as Afstandstudent-bibliotekaris.

'n Baie opwindende gedeelte van dié Oktober uitgawe is die twee artikels wat Ingrid van der Westhuizen vir ons geskryf het oor haar besoek aan Moskou, Rusland. Sy vertel eerstens van haar biblioteekbesoeke, maar dan in nog 'n artikel ook oor Moskou self. Baie dankie Ingrid, dit voel sommer of ons saam met jou hierdie wonderlike plekke gesien en beleef het!

Ons sluit hierdie uitgawe af met 'n artikel deur Anna Ackerman se man, Chris Ackerman. In 'n heerlike humoristiese vertelling vertel hy vir ons oor sy biblioteekervaringe oor baie jare heen.

Die gebruiklike boekeblad het met hierdie uitgawe ook weer sy eie loop geneem! Baie dankie aan almal se lekkerlees-bydraes.

Have fun! (soos Pieter sal sê)

*Marié*



REDAKSIE: Marié Roux (red.), Carine Tymbios, Marleen van Wyk (fotograaf), N'Re Moore en Judy Williams (insetsel)

# Boonzaier-sketse nou by Spesiale Versamelings



## OORSPRONKLIKE TEKENINGE VAN D.C. BOONZAIER (Bygaande beskrywing by sketse)

Hierdie reeks oorspronklike tekeninge deur wyle D.C. Boonzaier (spotprent-tekenaar van Die Burger gedurende die eerste dekades van dié koerant se bestaan) is die oorblywende deel van 'n veel groter versameling van oor die 300 tekeninge van beroemde, lewende persoonlikhede van die 19de eeu.

Die tekeninge is almal sorgvuldig met 'n baie fyn kwassie in sepia ('n bruin ink) saans voor 'n olielamp deur Mnr. Boonzaier van foto's nageteken.

Elke tekening is na voltooiing aan die betrokke persoon gestuur met die versoek dat 'n handtekening as gunsie bygevoeg word. So het Mnr. Boonzaier na 'n aantal jare oor die 300 stukke bymekaar gemaak en hulle later aan 'n vooraanstaande Kaapse sakeman en kunsliefhebber, Mnr Cecil Sibbett, verkoop.

Mnr Sibbett se praghuis, "Mount Rhodes", by Houtbaai, is later deur 'n verwoestende brand in puin gelê. 'n Waardevolle Africana-versameling EN Boonzaier se tekeninge het in hierdie brand verlore gegaan.



Maar gelukkig nie almal nie. Die 22 tekeninge wat hier hang is jare na die brand deur Mev Louis Herrman op 'n vendusie tussen 'n hoop papiere ontdek. Sy het hul waarde herken en die stukke gekoop.

In 1965 het Gregoire Boonzaier, die bekende kunsskilder, toevallig te hore gekom van die lotgevalle van sy vader se tekeninge en hulle aangekoop.

'n Hele paar groot biblioteke het belang daarin gestel om die tekeninge te koop, maar Stellenbosch het voorkeur gekry en in September

1966 is hulle hier gehuisves.

Gregoire Boonzaier deel mee dat 'n verteenwoordiger van die Universiteit van Yale toentertyd by Mnr Sibbett aangedring het om die versameling aan sy Universiteit te verkoop. Mnr Sibbett het uiteindelik ingewillig om slegs twee van die tekeninge aan Yale af te staan, t.w. dié van Cecil Rhodes en Joseph Chamberlain.



## Die formidabele DC Boonzaier: outodidak, virtuoos, connoisseur

In 2005, toe die 100-jarige herdenking van TO Honiball se geboortedag gevier is, was sy eens meer bekende voorganger, DC Boonzaier reeds 55 jaar oorlede. Geskiedkundiges, kunsinniges, kultuurkenners en joernaliste onthou hom steeds as die eerste en mees gevreesde van *Die Burger* se Groot Drie: die drietal gedugte spotprenttekenaars wat sedert die koerant se ontstaan in 1915 die draak steek met veral politici se foibles & follies - DC Boonzaier, TO Honiball en FJ (Fred) Mouton.

In die artikel oor Gregoire Boonzaier (*Kaapse Bibliotekaris* Julie/Augustus 2006) word DC Boonzaier bestempel as 'n man wat 'n groot invloed op sy seun Gregoire en ook etlike ander groot name in ons kunsgeiedenis uitgeoefen het. Behalwe vir die feit dat hy 'n ereplek as *bona fide* kunstenaar verdien het, het hy nie net sy merk op die politici gelaat wat onder sy dodelike pen deurgeloopt het nie - hy word bestempel as die man wat Louis Botha se politieke loopbaan feitlik eiehandig beeindig het - maar het hy ook diep spore getrap op die gebied van die uitvoerende kunste, as amateur-toneelspeler, maar veral as kritikus en beskermheer van die kunste.

Daniel Cornelis Boonzaier is op 11 November 1865 op die plaas Patatsfontein naby Carnarvon gebore. Sy vader WDC Boonzaier is afkomstig uit Houtbaai en sy moeder YMA de Waal het in Durbanville grootgeword. In 1880 is die sestienjarige DC Boonzaier na Kaapstad, waar hy vir etlike jare staatsamptenaar was. In 1884 het sy eerste spotprent in die humoristiese blad *The Knobkerrie* verskyn. In 1899 bedank hy uit die staatsdiens, werk vir verskeie koerante en in 1915 geluk dit hom om 'n vaste betrekking by die nuutgestigte *De Burger* (later *Die Burger*) te bekom. In 1899 is hy met sy niggie Maria (Nooy) Boonzaier getroud. Vier kinders is uit die huwelik gebore.

Boonzaier het tuis Engels gepraat, maar sy simpatie was beslis by die Afrikaaner-gemeenskap. Hy het dus 'n politieke tuiste gevind by *De Burger* en met mening ingeklim onder Botha en Smuts. Beide hierdie gerespekteerde

oud-Boeregeneraals is bespotlik uitgebeeld, met elke tegniek tot die



Skildery van DC Boonzaier deur Moses Kottler

beskikking van die grafiese joernalis, soos gesigsuitdrukings, lyftaal, metafore, sinspeling en simboliek. Van beide Boonzaier en Honiball is gesê dat hul spotprente meer mense beïnvloed het as die mees intellektuele redaksionele artikels, maar DC Boonzaier was ongetwyfeld die doyen van politieke spotprenttekenaars in Suid-Afrika. Sy talent as tekenaar en satirikus het aan hom, die plattelandse seun met 'n skraps geleerdheid en geen kunsopleiding nie, (Honiball en Mouton is wel as handelskunstenaars opgelei), internasionale bekendheid besorg; iets wat sy genoemde opvolgers nouliks beskore is, veral weens die politieke bestel waarmee hulle steeds geassosieer word.

J du P Scholtz, wat 'n persoonlike vriend van Boonzaier was, het in sy boeke, *DC Boonzaier en Pieter Wenning: verslag van 'n vriendskap* (1979) en *Oor skilders en skrywers* (1973), wel heelwat inligting aangaande Boonzaier neergepen, dog bly dit interessant om steeds meer oor hierdie komplekse karakter uit te vind. En hoe meer mens oor hom lees, hoe meer wonder jy: hoe is dit moontlik dat hierdie fynbesnaarde mens terselfdertyd so brutaal egosentriek kon wees. Hy het, byvoorbeeld, gesê dat hy nie belangstel om sy nuutgebore kleinkind te sien nie. 'Take it away. I don't want to see it.'

Boonzaier was 'n sensitiewe seun wat van kleins af geteken het en weens sy

### Deur DR FRANCOIS VERSTER Kultuurhistorikus en argivaris, Wes-Kaapse Argiefdiens

mooi handskrif het hy 'n pos in die kantoor van die Weesheer in Kaapstad bekom. Mens kan bloot spekulêr daarvoor dat sy renons in kinders spruit uit die waarskynlike spot en gebrek aan begrip wat hy van ander kinders moes verduur tydens sy jeugjare. Toe Churchill gesê het dat Rusland 'n 'riddle wrapped in a mystery inside an enigma' is, kon hy net sowel vir Boonzaier daarby ingesluit het - geen wonder laasgenoemde was so lief vir Russiese skrywers (veral Chekov en Tolstoy) nie.

Dalk lê die antwoord minstens gedeeltelik in sy kampvegterskap vir die arm Boer; verslete maar nooit verslaan nie, wangevoed en gebrekkig opgevoed, maar steeds strewend na selfverbetering en welvaart. Boonzaier het 'n obsessiewe drang na selfverbetering openbaar - om te bewys dat sy oorsprong beskeie mog wees, maar hy egter van adellike inbors was. Hy het die Engelse Jingöiste en Joodse kapitaliste dalk kwalik geneem vir die armoede waarin soveel van sy volksgenote verkeer het, veral na die Tweede Vryheidsoorlog (nou meer bekend as die 'South African War'), maar ook mismoedig gestaan weens sy tyd- en volksgenote se apatie jeens die kunste. Dit was juis Boonzaier se strewe om die kunste te bevorder (ook sou dit sy seun Gregoire se strewe word) wat hom van die meerderheid van sy mede-Kaaplanders onderskei het.

Boonzaier se grootste kruis was dat hy weens geldtekort nie in sy behoefte aan kuns en literatuur kon voldoen nie en daarom het sy gesin soms erg tekort gehad in basiese lewensmiddele, sodat die pater familias 'n (uit noodsaak goedkoop) skildery of beeldhouwerk kon aanskaf. Hy het wel 'n goeie oog vir kwaliteit gehad en selde iets gekoop wat nie 'n winskoop was nie. So het hy ware talent herken en kunstenaars wat miskien nooit bekend sou word nie, gehelp om kopers vir hul werke te kry.

Boonzaier het ook aanmoediging op ander maniere verskaf - ten spyte van sy fanatiese aandrag op privaatheid



Spotprent deur DC Boonzaier waarin hy Botha as 'n duttende ou man uitbeeld, terwyl Smuts na die landsbelange omsien

(hy was skaam vir hul armoede bowenal) - nie eens die vryers van sy twee dogters is toegelaat om die Boonzaier huis te besoek nie. Hulle het agter bosse weggekruip totdat mevrou Boonzaier hulle ná die oubaas se vertrek ingelaat het!

Boonzaier het min dinge so hoog aangeslaan as die geselskap van mede-intellektueles en daarom het hy so dikwels as hy kon na die huise van kreatiewe mense en hul geesgenote gegaan, asook na koffiewinkels en hulle selfs na sy eie huis genooi. Nogtans het min mense hierdie eer gehad, byvoorbeeld, die skrywer AA Pienaar (alias Sangiro) en die kunstenaars Anton van Wouw, Moses Kottler en Pieter Wenning. Boonzaier het laasgenoemde twee immigrante gehelp om hul kuns te kan beoefen en uiteindelik van die sterre in ons kunshemel te word.

Hoewel Boonzaier geen liberaal was nie - hy het maar langtand gebyt aan abstrakte kuns - het hy tog waardering vir die meer moderne style van die destydse *avant-garde* soos Monet, Cezanne en Van Gogh gehad en gretig kunsboeke en afdrucke (soms swak reproduksies) aangekoop. Hy het graag gesels met ingeligtes wat Europa besoek het om hul mening te verneem van oorspronklike werke wat hulle daar sou gesien het. Mense soos die hoogs intelligente Enslin du Plessis was 'n gunsteling bron in hierdie verband.

J du P Scholtz het opgemerk dat Boonzaier van mening was dat karikatuur-kuns 'n veel moeiliker kunsvorm is as wat die meeste mense besef. Volgens Scholtz was Boonzaier korrek in sy siening - indien nie, sou Boonzaier self nie vandag feitlik vergete geraak het nie. Boonzaier se impak op die politiek en op die *belle époque* van

sy dag mag tans erken word, dog sy inwerking op ons kunsgeskiedenis is steeds nie volbring nie - Karel Schoeman onthul in 'n artikel (*Quarterly Bulletin*, Junie 2002, p.172) oor Nooy Boonzaier (1866-1948) dat hierdie twee interessante karakters albei dagboeke nagelaat het wat in die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek bewaar word. Schoeman meld ook dat DC s'n steeds '...grotendeels onontgin' [my vertaling] is. En hierin lê die voortsetting van laasgenoemde se impak: selfs uit die graf strek die invloed van een van die merkwaardigste mense wat hierdie nasie nog opgelewer het. Dit sal waarskynlik van iemand uit ons generasie afhang of Boonzaier se tekening - hierdie keer in woorde, nie beeldteks nie - van sy milieu en tydgenote 'ontgin' word.

#### Naskrif

Die Kaapstad Argiefbewaarplek se biblioteek huisves die omvattende Jeffreys-versameling, nagelaat deur mej MK Jeffreys, 'n leidende argivaris van haar tyd, asook 'n liefhebber van die kunste. Onder haar talle boeke oor kunstenaars tel ook versamelbundels van DC Boonzaier se spotprente en karikature, soos *SA News cartoons* (1904) en *My caricatures* (1912). Die lees van Jeffreys se versamelstukke het direk aanleiding gegee tot nie net 'n groter bewuswording van die kunste, wat pikurale humor insluit nie, maar was ook die inspirasie vir hierdie artikel. Die liefde van een persoon vir boeke maak so dikwels nuwe wêreld oop vir ander. Dit is elke bibliofiel se plig om hierdie tradisie voort te sit, want soos Jeffreys en Boonzaier se nalatenskap bewys het, verg dit soms niks meer as klein asempies om 'n vlam lewendig te hou nadat groot geeste dit aangesteek het nie.

Tot dusver is 'n meestersgraad-tesis

deur FS Liebenberg in 1989, naamlik, *DC Boonzaier in die artistieke lewe van die Kaapse Belle Époque* en 'n doktrale proefskrif in 1988, deur DJ Kotze; *Die spotprente van DC Boonzaier in De Burger 1914-1924* [verkorte titel] oor Boonzaier voltooi. Heelwat verwysings na hom is gemaak in verwante literatuur, soos in naslaan- en akademiese werke en nuusblad-artikels, maar geen biografie is nog saamgestel nie.

#### Bronneverwysings

Bekker, M. *Gregoire Boonzaier*.- Human & Rousseau, 1990.

Boonzaier, DC. *My caricatures*. 1912.

Boonzaier, DC. *Rand Faces*. 1915.

Kaapstad Argiefbewaarplek (AG 1103).

Muller, CFJ. *Sonop in die Suide: geboorte en groei van die Nasionale Pers, 1915-1948*.- NBB, 1990.

Schoeman, K. A human experience: the dairy of Nooy Boonzaier (*Quarterly Bulletin of the SA National Library*, Junie 2002, vol 54, no 4.)

Scholtz, J du P. *Moses Kottler: his Cape years*.- Tafelberg, 1976.

Scholtz, J du P. *Oor skilders en skrywers*.- Tafelberg, 1979.

Schoonraad, M. *Suid-Afrikaanse spot- en strookprentkunstenaars*.- CUM-Boeke, 1983.

Vernon, K. *Penpricks: the drawing of South Africa's political battlelines*.- Spearhead, 2000.

Verster, FP. *'n Kultuurhistoriese ontleding van pikurale humor, met besondere verwysing na die werk van TO Honiball* (DPhil-proefskrif, Univ. Stellenbosch), 2003.

**Uit: Kaapse Bibliotekaris, Sept/Okt 2006, 34-36.**



Van links na regs: M Kottler, DC Boonzaier, Gregoire Boonzaier en Sangiro

## “South-easter”: deur Larry Scully

Larry Scully is op 12 Desember 1922 gebore in Gibraltar en woon vanaf 1938 in Suid-Afrika. Hy studeer kuns by Pretoria se Kunssentrum en verkry later 'n BA-graad (Beeldende Kunste) by Wits. In 1963 behaal hy ook 'n MA in Beeldende Kunste by Pretoria Universiteit. Vanaf 1962 hou hy gereeld solo-uitstallings. Hy was ook Departementshoof van die Departement Beeldende Kunste van die Universiteit Stellenbosch sowel as Direkteur van die US Kunsmuseum vanaf 1976 – 1984.

Sy kunswerke is onder andere in die volgende openbare versamelings opgeneem: Durban Kunsmuseum; Hester Rupert Kunsmuseum, Graaff-Reinet; Iziko SA Nasionale Galery, Kaapstad; San Francisco Museum vir Moderne Kuns; Konservatorium, Universiteit van Stellenbosch (muurskildering, 1978); Universiteit van Kaapstad; Johannesburg Internasionale Lughawe; Oppenheimer versameling, Johannesburg; Oude Libertas, Stellenbosch; Royal Palace, Maseru, Lesotho en so meer.

'n Retrospektiewe uitstalling is gehou by die Sasol Kunsmuseum oor Larry Scully se werke vanaf Desember 2002 – Februarie 2003 ter huldiging van Scully op sy 80ste verjaarsdag:

*Larry Scully 80.* Gedurende hierdie tyd sterf Scully tragies op Kersdag 2002 in 'n motorongeluk.

In 'n gesprek met Lydia de Waal, Direkteur van die Sasol Kunsmuseum, oor “South-easter”, die skildery wat in ons personeelkamer hang, noem sy dat meeste van Larry Scully se skilderye hul oorsprong het in die landskap en dat hy ook sterk beïnvloed word deur die kosmologie. Gelukkig vir ons is sy skilderye altyd van 'n titel en jaartal voorsien, óf voor op die skildery óf agterop. Ek is nie seker of ons almal sou besef het hierdie skildery handel oor die Suid-ooster indien daar nie 'n titel was nie!

Volgens Lydia de Waal is Scully se liefde vir seetonele ook in hierdie skildery verteenwoordig. As 'n mens fyn kyk is daar in die boonste regterhoek 'n landskaptoneel met berge en see wat dalk Valsbaai kan verteenwoordig. Links onder is daar ook 'n horisontale streep wat moontlik berge, see en strand voorstel. Volgens haar is die skildery ook wel voltooid.

Die onrustige atmosfeer van die skildery laat 'n mens byna die Suid-ooster werklik beleef!

Scully said of his love of painting: “Painting is for me visual music and visual thinking. My inspiration comes from the colours, textures, forms and light of Africa, and is a continuing search for unity out of diversity.”

Katalogusse van die *Larry Scully 80* uitstalling is beskikbaar in die personeelkamer en personeel is welkom om een te neem en verder te lees oor hierdie besondere kunstenaar.

**Marié Roux**



# Wat dink die personeel van die skildery?

Met die eerste oogopslag het ek gemengde gevoelens oor Mnr. Scully se "South-easter" gehad. Aan die een kant was ek baie dankbaar dat die onooglike spasie en gepaardgaande merke wat die verwydering van die Murray-versameling gelaat het, iets van die verlede was. Terselfdertyd egter het die toe-nog-naamlose skildery my onrustig gestem (nou weet ek waarom; was nog nooit erg daarvoor as die Sedoos so verwoed waai nie).

Dit sal sekerlik mettertyd groei op 'n mens hoe meer jy daarmee gekonfronteer word. En boonop blend dit mooi in by die personeelkamer se kleurkeuse vir stoele.

\*\*

Ek is nie mal daarvoor nie. Lyk my na graffiti.

\*\*

Nie sy beste werk nie. Lyk of dit nie klaargemaak is nie. Hy is mos omtrent daardie tyd dood? Dalk kan iemand vir ons inlig of dit wel onvoltooid is. Dis beslis beter as 'n kaal muur, redelik interessant, en 'n conversation topic indien alle ander onderwerpe uitgeput is.

\*\*

Ek hou van die "Prent", maar die bome is in die pad; mens kry nooit 'n geheelindruk van die skildery nie. Die kleure is aangenaam en kikker die teekamer tog 'n effe op.

\*\*

Die Scully-skildery wat in die personeelkamer hang is 'n aanwinst en pas 100% in die teekamer.

\*\*

My reaksie is dit: Die Scully-skildery wat tans in die teekamer hang is een van die min goeie dinge wat gedurende 2008 in die JSG Biblioteek gebeur het. Dit is pragtig en pas perfek.

\*\*

Ek's mal oor die nuwe skildery - die proporsies is eerstens wonderlik want die enkele groot skildery maak 'n lekker "statement", die vertrek is groot genoeg vir die skildery en daar is genoeg afstand om dit te kan beskou.

Larry Scully se skildery is 'n heerlike



Larry Scully

*Die titel "South-easter" sê: baie beweging - die warrel van die wind en die verwoesting wat hy saai, Tafelberg in die agtergrond, baie golwe van spatsels van die see, rook van die informele nedersettings aan die buitewyke van die Kaap, die motors se ligte op die snelweg en die vaart van die lyn wat dit vorm, die geel bolle besoedeling maar ook die geel sonskyn, rooi van potensiële woede en vernietiging maar ook rooi van warmte en energie, die hitte en wind wat die kleure van die Boland wegbrand tot die flets vaalgryswit wat baie voorkom in die skildery, sirkels wat die waai van die wind weergee, en ook skerp hoeke en kante van die mensgemaakte strukture waarteen die wind vasbots en rondom waai, die spanning tussen die krag van die natuur teenoor die mensgemaakte strukture.*

Carine Tymbios

verandering in die teekamer!

\*\*

Great! Uiteindelik iets groot genoeg vir die spasie en kleurvol en elke dag lyk dit na iets anders van roadkill tot Gino's se seafoodplatter tot Springbokke na die All Blacks oor hulle geloop het... Ek is 'n Springbok ondersteuner... nog steeds. Larry Scully was 'n Stellenbosser en dis brilliant om erkenning aan hom te gee. Well done aan die artist wat dit vir ons gekies het.. kan onssie nog enetjie kry nie? Dit laat selfs die orange stoele vir die eerste keer nie te terrible lyk nie... Sorry nee, on 2nd thoughts hulle bly uiters yucky, maar nou ja hulle pas so mooi in by die racing stripes op die anner muur.

\*\*

Ek sien die pragwerk is in 2002 gepaint. As ek dit nie mis het nie is Scully ook in 2002 dood - so dalk is die pragwerk onvoltooid? Dit pas darem mooi in by ons lemoenkleurige tema in die teekamer. Indien julle soortgelyke pogings soek (om in die teekamer op te hang), is ek bereid om my kinders se kunswerke beskikbaar te stel vir die projek. Apologie aan Larry Scully indien dit 'n ander Scully is wat verantwoordelik gehou moet word.

\*\*

My eerste indruk was: NEE – bring terug die Murray-skenking. Daar was soveel meer om na te kyk! Maar na 'n week of twee begin die skildery op mens groei – ek verstaan niks van die simboliek nie, maar die kleure pas mooi by die stoele en "quite frankly" – is die kool die kritiek-sous werd?

---

**“Maar na 'n week of twee begin die skildery op mens groei ...”**

---

## Welkom aan Chantel Coetzee (Katalogisering)

Ek het in 1994 die Vrystaat se goudvelde verruil vir die Kaap en het by die Kaapse Teknikon (nou bekend as CPU) studeer. Ek het my loopbaan in biblioteekwese hier in Stellenbosch by die WNNR as veldwerk student begin en het ook as assistent in die dokumentasie sentrum gewerk. My volgende stop was die Departement van Vervoer gevolg deur die SAAO - dis die plek waar die hemelruim bestudeer word. In 2001 het ek by UWK aangesluit en het 7 jaar in die Katalogiseringsafdeling gewerk.

Ek is tans terug waar ek begin het, hier in die pragtige Stellenbosch. Ek is getroud en woon tans in Kuilsrivier. Ek het twee kinders, seun Cameron (5) en dogter Chelsea (1). Die tweetjies hou my so besig dat daar nie veel tyd is om ander stokperdjies te beoefen nie. Om 'n tydskrif of 'n koerant in vrede te lees is 'n "luxury" vir my.

**Chantel Coetzee**



## ... en Alvina Matthee (E-Bronne)



Ek was vroeër werksaam by die destydse Pentech, Mediese Navorsingsraad en baie onlangs by die Universiteit van Wes-Kaapland.

Betrokkenheid by jou Professionele Vereniging is baie belangrik vir my en ek was geëerd om verskeie posisies binne die LIASA Wes-Kaap tak sowel as Lid van die "Representative Council" te kon wees. In 2004 was ek deel van 'n groep van 7 bibliotekaresses wat

die SALLP program by die Mortenson Sentrum, Universiteit van Illinois bygewoon het. Dit was 'n agt weke lange kursus. Hier het ons saam met kollegas van Columbia, Viëtnam, Uganda, Kenia, Japan en Frankryk die kursus gedoen.

In 2005 het ek 'n NORAD travel grant ontvang om IFLA in Oslo, Noorweë by te woon. Dit was 'n wonderlike ervaring en kon ek nou skakel met kollegas van Indië, Nepal, Teheran en Brasilië.

Persoonlik hou ek baie van reis en het in 2003 Athene en die Griekse eilande besoek asook Denemarke en Swede. Reis binne die Suid-Afrikaanse grense en omliggende Namibië is ook fantasties.

Ek sou graag betrokke wou raak by organisasies wat hul beywer vir die bewusmaking van siektetoestande soos diabetes, outisme en 'n ander euwel, hiperhidrose/bromhidrose, wat taamlik onbekend is by die publiek. Die toestande is verwoestend en ongelukkig is daar nie werklik 'n kuur daarvoor nie. Ek is van mening dat indien mense ingelig is oor sulke toestande, hulle sal weet hoe om sulke situasies te hanteer en hoe om op te tree.

Ek hoop ek kan 'n positiewe bydrae maak tot die uitstekende diens by die US Biblioteekdiens.

**Alvina Matthee**



# Ons groet vir Marianna Kritzinger

Alfred North Whitehead (1861-1947), wiskundige en filosoof, het by geleentheid die volgende gesê: "Everything has been said before by someone". Ek gaan nie met hierdie stelling van hom verskil in soverre dit "my onthou" van Marianna Kritzinger betref nie. Alles wat ek van haar kan sê is sekerlik al vantevore deur iemand gesê en selfs baie beter as wat ek dit kan doen.

Daar was die dag lank, lank gelede (middel sewentigerjare) toe ons vir die eerste keer by die Landbou-biblioteek, destyds 'n takbiblioteek van die Carnegie, aan mekaar voorgestel is. Dadelik het ek besef dié vrou het nie net baie ysters in die vuur nie, maar in haar 'n wil van staal en sy gaan haar merk maak in hierdie beroep. Op daardie stadium was Marianna deelyds besig met haar Hoër Diploma in Biblioteekkunde en soos ons haar almal leer ken het, altyd aan die hardloop om al haar verpligtinge na te kom.

Met my baie omswerwinge het ons paaie eers weer in 1993 gekruis toe ek by die JS Gericke Biblioteek begin werk het. Op hierdie stadium was Marianna afdelingshoof van een van die grootste (miskien dié grootste ten opsigte van aantal personeel) afdeling van die Biblioteekdiens, nl. die Katalogiseerafdeling. Ek was geensins verbaas dat sy in die jare van my afwesigheid professioneel tot op hierdie vlak gevorder het nie, haar bewonderenswaardige deurstellingsvermoë, haar skerp brein en oog vir detail en haar mensgeoriënteerdheid is slegs maar 'n paar eienskappe wat van haar 'n waardige afdelingshoof maak het.

Marianna het binne die professie op streeks- en nasionale vlak hoë aansien geniet en is gerespekteer vir haar vakkundigheid en die wyse waarop sy die Katalogiseerafdeling van die JS Gericke Biblioteek uitgebou het tot 'n internasionale mededinger. 'n Paar voorbeelde hiervan is die deelname aan beta-fase toetsing van OCLC programmatuur en die betrokkenheid by die e-thesis projek van die Universiteit. Sy was dan ook voorsitter van vele streeks- en nasionale komitees. Gedurende die kort periode wat ek oorhoofs vir die afdeling verantwoordelikheid geneem het, het haar personeel telkemale hul bewondering en waardering vir Marianna se intelligensie en kundigheid teenoor my uitgespreek en ek kon elke keer my kop bevestigend knik.

Die Katalogiseerafdeling het ook onder Marianna se leiding baie veranderinge beleef. (Ons praat maar nie oor die naamverandering na Ontsluitingsafdeling nie!!) Meer



as een rekenaarmatige stelsel is tydens haar bewind geïmplementeer met al die groeipyne wat daarmee gepaard gegaan het. (Inderwaarheid het Marianna die eerste wankelende stappe tot rekenariserings van katalogisering meegemaak). Sy het telkens daarin geslaag om die span te motiveer om die geleenthede eerder as die struikelblokke raak te sien en dan het daar altyd verrassende resultate gevolg.

Die werk van die Katalogiseerafdeling is dikwels onder 'n vergrootglas geplaas en Marianna was 'n vurige vegter vir die behoud van hoë standaarde en kwaliteitswerk, altyd met die behoeftes van die gebruiker van die katalogus as hoogste prioriteit. In dit alles is Marianna 'n onafhanklike, kritiese denker

wat met haar dikwels sagte aanslag presies geweet het wat sy van haar omgewing, haar afdeling en haarself verwag.

Haar respek vir haar kollegas en haar empatie met werks- en huislike probleme het haar 'n geliefde afdelingshoof gemaak.

En dan is daar Marianna se liefde vir haar diere, haar honde... maar ook haar passie vir die onbekende gewonde dier langs die pad. Simbolies beskryf juis dit miskien Marianna die mens op sy heel beste, 'n omgee mens, 'n mens met integriteit, 'n mens sonder vooroordeel, 'n ware beste vriendin en soos almal na die afsluiting van hul professionele loopbaan weet is dit hierdie dinge waarvoor kollegas jou altyd sal onthou.

Baie dankie Marianna dat ons bevoorreg was dat ons professionele en persoonlike paadjies met dié van jou gekruis het. Ons is verryk en beter mense as gevolg van ons kontak met jou.

**Berta Els**

Wat 'n voorreg was dit nie vir my om vir 25 jaar saam met haar en ook onder haar te werk nie!

Ek het Marianna leer ken as 'n mens wat altyd baie omgee het vir haar medemens, sy was altyd vriendelik teenoor almal, sy het ook altyd tyd gehad vir haar personeel en haar kantoordeur het altyd oopgestaan vir enige iemand wat wou raad hê, wat met haar iets wou bespreek of wat net gou wou vra hoe dit met haar gaan.

Marianna, ek het by jou baie dinge geleer. Dankie

daarvoor! Jy was rêrig vir my 'n wonderlike Afdelingshoof!

Geniet jou aftrede en vakansies saam met Serf! Ons gaan jou beslis mis! Seënwense vorentoe!

**Willemien Aucamp**

My liewe vriendin!

Ons kom al so 'n lang pad saam – saam gelag, saam gehuil, saam gestres en ons lief en leed saam gedra – saam ook gebid! Dis gelukkig nie die einde van 'n vriendskapsere nie – net die begin van 'n nuwe periode – een waar ons meer tyd vir mekaar kan maak en nuwe ervarings saam kan geniet!

Dankie dat jy was wat jy was, is wat jy is en dus voorspelbaar is vir die toekoms!

Ek verlang teetyd na die paar minute van deel – jou omgee en meeewing was altyd so 'n riem onder die hart! Dit was ook 'n voorreg om daar te kon gewees het in jou tye van hartseer, stres en vreugdes!

Mag die jare wat voorlê net die mooiste wees van jou lewe – mag jy vrede en vreugde ervaar en tyd kry om die lekker van die lewe te geniet! Mag ons Liewe Vader jou ryklik seën!

Jy is baie spesiaal en ek voel geëerd om jou te ken!

Bon chance!

**Carinne Baldi**

Die einde van Julie was 'n swaar tyd in die Katalogiseerafdeling, want dit was die dag dat ons vir Marianna moes groet. En hoe sê mens totsiens vir iemand wat so deel van die afdeling was en so 'n groot stempel daarop afgedruk het?

Marianna, jy het in 1983 die Groot Trek na die Gericke Biblioteek beleef, jy het die oorskakeling van die kaartkatalogus na die rekenaarkatalogus meegemaak, die verandering van Erudite na Aleph deurgeworstel en help grootmaak aan dié baba. En nou is ons sonder die historiese kennis wat in jou kop was en moet ons waad deur die honderde lêers in jou kantoor as ons iets daarvan wil onthou. Werksgewys was jy altyd op hoogte van wat in die wyer wêreld en plaaslik op die katalogiseer gebied verander of ontwikkel het. Jy kon daar vir ons raad gee, rigting wys en besluite neem. Jou kantoordeur het altyd oopgestaan vir jou personeel en jy het geduldig geluister, getroos en soms woes rondgetrippel om die verskillende persoonlikhede in die kantoor te akkommodeer. Op alle gebiede het jy jou personeel se welsyn eerste gestel en net die beste vir ons probeer doen. Ons sê daarvoor baie dankie. Jy was werklik 'n lojale hoof.

Wat ek ook baie van jou bewonder is jou wye belangstellings, breë algemene kennis, jou liefde vir diere, jou liefde vir en kennis van ons dorp

en sy mense, jou positiewe ingesteldheid, glimlag, vriendelikheid en humorsin. Dit alles gaan ons net so vreeslik mis soos jou professionele leiding.

Ek wens jou net die beste toe vir die tyd van rustiger leef en ek hoop dat jy nou tyd gaan kry om te doen dit waarvoor 'n werkende vrou nooit tyd het nie.

**Margaret Bergh**

Ek het Marianna leer ken toe ons saam by die Tydskrifte-afdeling gewerk het en sy my moes leer van kardeks en tydskrifte ontvang. Sy is mos 'n deeglike mens en elke opleidingsessie het my uitgeput laat wonder hoekom daar dan so baie detail is aan so 'n "eenvoudige" taak soos kardekskaarte invul. Later jare het ek baie keer laat middag wanneer ek nog besig was op die boonste vloer (let wel ek is nie 'n oggendmens nie en is eers later in die dag op my beste!), dit so gerustellend gevind as ek opkyk en deur die glasvenster Marianna se wit koppie daar in haar kantoor sien, want dan weet ek die bib het nog nie toegemaak sonder dat ek dit agtergekom het nie!

Maar waar ek Marianna regtig leer ken het, is by die versorging van die kampuskatte. Menige middag het ons saam kat gevang wat gesteriliseer moes word en haar passie vir en geduld met diere (haar eie en die kampus s'n) het my altyd

Eissh nou weet ek die einde van 'n era is in sig... actually dis al met ons. Ek het die halfeeu geslaan en Marianna het geretire. MK is en sal altyd vir my die ultimate librarian verteenwoordig... welbelese en deeglik in elke ding wat sy aangepak het met die leuse wat op elke bibmens se grafsteen moet staan: ALLES TEN BEHOEWE VAN DIE GEBRUIKER.

Marianna het vir jare saam met my die jaarlikse SAIBI oftewel Bibbraai help reël en dit was pure plesier om saam met haar te werk aangesien niks oorgesien of aan toeval oorgelaat is nie (sy behoort ingeroep te word om die Olimpiese span te organize...) Ek mis haar reeds baie want sy was 'n onuitputbare bron van inligting oor die bib versameling en sy geskiedenis. Mis ook daai oproepe om te kla oor foute oppie databasis want dan het ek geweet daar is iemand net so stadig met die tegnologie as ek... maar altyd tyd vir my en ALTYD 'n oplossing vir die probleem. Gelukkig woon sy net so 100 meter van my en gaan ek haar inspan

om my eie bib te organise, Trivial pursuit weer af te stof en oor diere te gesels.

Thanks Marianna vir alles wat jy my geleer het... jy was en is altyd FUN!

**Niel Hendriksz**



Niel Hendriksz en Marianna Kritzinger

getref. Wanneer Leon van die DBV besluit dis nou genoeg vir vandag, kom ons probeer maar weer volgende week, wou sy baie keer nog bietjie wag en kyk of die katjie nie maar tog hom- of haarself kom aanmeld nie. In die winter sou sy baie keer op 'n Vrydag wonder hoe die diertjies die koue, nat weer gaan deurmaak en dan weet ek sommer dat sy oor die naweek die gure weer gaan trotseer om te kom seker maak hulle is veilig.

Marianna, ek mis jou al klaar en hoop ons loop mekaar nog gereeld raak oor 'n naweek hier agter by die viervoete!

**Thea Basson**

Marianna is een van die mense met die meeste kennis rakende die biblioteekdiens wat ek ken. Sy ken die agtergrond en redes en uitkoms en prosedure van elke proses wat oor baie jare hier plaasgevind het. Sy het volkome insig in elke situasie en vergeet nooit 'n ding wat eers in haar kop wortel geskiet het nie. Sy snap die ingewikkeldste Aleph-binnewerkings onmiddellik en het gewoonlik 'n

voorstel of twee om 'n probleem op te los.

Behalwe dat sy baie slim is, het sy ook 'n baie sagte hart. Marianna het haar personeel met baie grasia, respek en empatie bestuur. Mens het altyd goed gevoel as jy uit haar kantoor stap, want sy het jou as mens raakgesien en nie net jou werksvermoë in ag geneem nie. Sy ontferm haar oor die menige werkloos en armes en swaarkryers wat haar pad kruis. Honde is haar grootste passie in die lewe en haar eie huisdiere lei 'n koninklike lewe. Bo en behalwe haar eie, is daar ook nog die biblioteekkatte wat gereeld versorg is.

Sy is 'n baie spesiale mens en ons mis beslis haar blonde hare en baadjie-pante wat waai in die wind wanneer sy

haastig-haastig by die kantoor uitstorm vir 'n vergadering iewers in die bib. Ek wens vir haar en Serf 'n heerlike aftree-tyd toe met kleurvolle reise en baldadige wedervaringe.

Geniet dit, Marianna!  
**Marie de Goede**



## Lindall by Afstandstudente

Ek is gevra om ietsie te skryf oor die skuif wat ek na Dienspunt 10 gemaak het. Het toe besluit om 'n paar denkbeeldige vrae te formuleer en sommer vir julle te beantwoord.

1. Ja, almal op die onderste vloer is baie vriendelik, help graag om my vrae te beantwoord, gee idees en is net sommer oor die algemeen baie "nice" met my.
2. Ja, ek mis Bronverskaffing, ek was vir jare deel van die Bronverskaffing familie, maar my werk is van so 'n aard, dat ek hulle almal daagliks sien.
3. Ja, ek geniet die interaksie en blootstelling aan 'n groter diversiteit van gebruikers.
4. Niel H. is 'n put vol inligting, met 'n skerp sin vir humor. Ja ek geniet die vloervergaderings op Dinsdae. Nee daar word nie grappies vertel nie.
5. Ja, ek merk dat "service delivery" die nommer een prioriteit op die onderste vloer is. Dit is lekker om te kan "observe" hoe my kollegas die ding doen, en dan te weet, dat gebruikers van genoeg pitkos voorsien word.
6. Ja, ek gaan nog 'n lesing oor die "information seeking behaviour" van afstandstudente doen, dalk Liasa 2009. Juis gehoor van IFLA wat in Italië is, en hoe ons aangemoedig word om lesings te lewer en nie passiewe luisteraars te wees nie. Hmm, hier kom 'n ding!

Dus vir almal van julle wat gewonder het, dit gaan goed met my. Ek "adapt" gewoonlik vinnig in enige werksom-



Lindall Adams

gewing, alhoewel ek nooit my vorige werksomgewing vergeet nie. Die lewe is altyd een groot leerskool, en verandering is net so goed soos 'n vakansie.

NS. Marleen het gesukkel om hierdie foto van my te neem. Ons twee het al 'n jarelange stryd om 'n foto van my geneem te kry.

**Lindall Adams**

## Magic carpet ride

In April is die Senior Direkteur genader oor nuwe boeke wat die Hoë Kommissariaat van Indië aan die biblioteek wou skenk. Koppe is bymekaargesit en daar is besluit dat ons sommer alles wou hê. Die skenking van sowat 350 boeke dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe en kom uit alle wêrelddele, maar konsentreer op Indië, sosiale wetenskappe, ekonomie en letterkunde. Die oorhandiging van die boeke het onlangs by die Wallenberg Sentrum (STIAS) plaasgevind saam met die oorhandiging van beurse ter waarde van 'n halfmiljoen Rand aan tien nagraadse studente, geborg deur Tata Africa.

Ter viering hiervan is 'n aand van Indiese kos en dans



gereël waarby die Indiese Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, die gewese Anglikaanse aartsbiskop en byna elke ander belangrike mens in hierdie uithoek van die wêreld teenwoordig was - en 'n toespraak gemaak het.

Vir ons wat Stellenbosch kampus met sy Collins Columns aan die een kant en die sewentigs se Fagan bousels aan die ander kant gewoon is, slaan die Wallenberg Sentrum 'n mens tussen die oë - stylvolle Skandinawië op haar beste. Niel se opmerking tydens ons aankoms by die voet van die eerste stel trappe som dit goed op: "Hierdie trappe moet mos nou begin beweeg."

Van 5 tot 8 nm. is ons “vermaak” deur (toe)spraak en dansvertonings. Niel se kommentaar: “Die Indiese dansers was nogal cute.” Uitgehonger het ons die kleurvolle, gewierookte Indiese feesmaal bestorm. Nouvelle Indiese cuisine het ingesluit lamskerrie bedien in espresso koppies om met ’n lepeltjie te eet, piepklein djapati’s en glasies met lagies pienk, turkoois en oranje kerriegroente en piekels. Nie ’n samoosa was in sig nie. Toe ek Niel van die nagereg wou weghou reageer hy: “Ek mag nie eens weet hoe proe kondensmelk nie.” Hy het die glasies karamelgeur verdunde kondensmelk soos shooters voor my opgeline en ons het ophou tel. Niel het ’n onbewaakte bottel rooi wyn in ’n hoek ontdek en toe ons uiteindelik weer by die trappe afstap was sy woorde: “Hulle het intussen begin beweeg.”

Ilse de Lange



'n Paar van die boeke wat geskenk is op uitstalling

## Biblioteek-dinge in Moskou

Voor my onlangse kuier in Moskou, word ek gevra wat ek alles wil doen terwyl ek daar kuier. Sekerlik die gewone toeriste dinge en ag, eintlik enigiets, want alles sal nuut wees, want dis mos *Mocksva!* Maar ek meen tog dit sal gaaf wees om by ’n universiteitsbiblioteek of die Russiese Staatsbiblioteek of dalk selfs ’n mediese biblioteek te kan inloer – net om te sien hoe dit lyk en hoe hulle dinge doen. In my geestesooag sien ek sale vol ou boeke en manuskripte, siende dat die *Russian State Library* een van die grootste biblioteke ter wêreld is.

Ek oorweeg ’n e-pos uit Suid-Afrika aan die internasionale kantoor van die Fakulteit Geneeskunde, ’n subdivisie van die *Moscow State University* (Faculty of Science/ Medicine <http://www.fbm.msu.ru/index-e.html>) om ’n informele besoek aan hul *Learning Resource Center* te probeer reël, maar laat vaar dit om praktiese redes vir eers. Hul webblad noem wel dat daar klasse in Engels aan internasionale studente gebied word.

Skaars geland in Moskou, of daar word werk gemaak hiervan en word daar ’n besoek aan die *Moscow State University Library* <http://www.nbmgu.ru/> op die ou einde gereël. Vladimir Podberezki, ’n taalkenner en tolk in die Namibiese Ambassade, het namens my gebel en verduidelik. Volgens die Biblioteekdirekteur, Anna Feodora, is dit goed en wel as ek die Mediese fakulteit wou besoek, maar hul biblioteek is eintlik net ’n kamer vol boeke! Die afstand tussen die mediese- en die hoofbiblioteek is ook ver, soortgelyk aan Stellenbosch. Gou-gou is daar “a visit from one colleague to another” gereël na die nader hoofbiblioteek. Anna sou ons ontvang, terwyl ’n adjunkdirekteur verder as gids sou optree. Die gulhartigheid en humor waarmee die *outgoing* Anna ons ontvang het, en dat sy die grootste deel van die rondleiding op die ou einde saam met haar kollega behartig het en beide se professionaliteit en warmte, het my baie beïndruk. Gelukkig kon Vladimir saamgaan om te tolk, want hulle praat net Russies. Hy *operate* omtrent soos ’n masjien, deurdat hy die gesprek heeltyd aan die gang hou. Soos daar gesels word, word

Ingrid van der Westhuizen

die tolkwerk tegelykertyd gedoen – dus geen wagtye tussenin nie. Aanvanklik het ek gewonder in wie se oë ek moes kyk, want beide Anna en Vladimir het tegelykertyd gepraat! Sy Engels was verstaanbaar, maar die Russies uiteraard nie. Gou het ek besef ek behoort vir haar te kyk, wat via die vreemdste klanke met my gesels (waarna ek eintlik ook graag sou wou ‘luister’), en boonop het sy ook besondere lewendige gesigsuitdrukkinge. Terselfdertyd moes ek ook vir Vladimir “hoor”. Dit opsigself was ’n vreemde, effe senutergende, maar op die ou einde, goeie ervaring!

Die *Moscow State University* het 75 000 studente en 16 miljoen biblioteekbronne. Hul hoofgebou is geleë op Sparrow Hills, en is een van die sogenaamde “Seven Sisters” wat 7 kenmerkende wolkekrabbers in die Stalinistiese boustyl is en verspreid deur Moskou voorkom (word soms ook die “Wedding Cakes” genoem vanweë hul voorkoms). Die biblioteek is net agter die hoofgebou geleë en is so oud soos die universiteit, daarom word die universiteitsmuseum, wat die geskiedenis van die universiteit uitbeeld in die biblioteekgebou gehuisves. Catharine I, haar man en haar minnaar Olov, was die stigterslede! Die biblioteek bestaan uit 17 geboue en die hoofbiblioteekgebou is relatief nuut en inderhaas gebou vir Moskou se 850-jarige vieringe 11 jaar gelede.



## Biblioteek-dinge in Moskou (verv)

Ander Russiese biblioteekdirekteure word ook hier opgelei volgens *methodological sheets* wat deur die *Moscow State University Library* self opgestel is. Dit verseker dat dieselfde standaarde regdeur Rusland gehandhaaf word. Daar is 'n kaart-, sowel as 'n elektroniese katalogus en Anna meen ons is baie brawe mense om slegs op die elektroniese staat te maak. Die katalogus bevat ongeveer 11 miljoen rekords en alhoewel hulle hul eie programmeerders het, gebruik hulle steeds die katalogusprogram genaamd CYGNA, 'n stelsel wat ontwerp is deur 'n vorige biblioteekhoof en as eerbetoon aan dié persoon steeds gebruik word.

Hulle is 'n pligleweringbiblioteek, wat natuurlik meebring dat 'n kopie van alles wat gepubliseer word, gratis ontvang word. Ekstra kopieë word wel soms aangekoop en geweldig baie skenkings, asook skenkergeld, word ontvang. Departemente koop hul eie versamelings aan en skenk dit later aan die biblioteek vir opname en bewaring. Slegs universiteitspersoneel en - studente (en geen lid van die publiek nie!), mag die biblioteek gebruik, want vir die res is daar openbare biblioteke en basta verder .

Dit was baie interessant om te sien hoe hul 'leenstelsel' werk. Anders as by ons, word die boek na die kliënt, wat nie fisies snuffellees nie, geneem. Daar is sewe *Reading rooms* waar studente hul versoeke rekenaarmatig kan plaas, nadat hulle via 'n katalogussoektog bepaal het watter spesifieke items hulle benodig. 'n Elektroniese aanvraagvorm word vir elke item voltooi en ingestuur waarna dit deur die bibliotekaris werksaam in die *stack*



Moscow State University se hoofgebou in die Stalinistiese boustyl, gesien van agter.

(stoor) ontvang word. In die stoor is dit net die bibliotekaris met een rekenaar en die boeke binne 'n bitter beknopte, tweevlak stoorkamer met nou gangetjies

en



Theo, Anna, 'n Adjunk-Direkteur en Ingrid voor 'n bronsbeeld van Catharine I. Let op die selfone - dit is deurentyd so gedra.

met

leertjies. Anna self glimlag oor die geweldige groot sale wat hulle het, terwyl die boekvoorraad in klein, beknopte dubbelvlakstore geberg word.

Sodra die bibliotekaris die versoek ontvang, word daar 2 kopieë van die versoek uitgedruk. Dit lyk tipies soos JSG se *check-in* kwitansies. Die bibliotekaris haal self die item van die rak en stuur dit saam met een strokie (hou die ander een as kontrole) in 'n winkel trollie met 'n hyser na die *Reading room*. Hulle gebruik geen hout trollies nie omdat dit te swaar is.

Hiervandaan word dit dan in groot staaltrommels versprei na ander *Reading rooms* soos nodig. Die kliënt haal die boek by die toonbank af, sodra die ILL nommer op 'n elektroniese bord, sigbaar vanuit die leesarea, geflits word. Dit duur 'n uur of korter vandat die versoek ingedien is, tot die kliënt die boek kan afhaal. Dit word vir vier dae by die toonbank gereserveer en indien dit binne hierdie tydperk afgehaal word, mag dit vir 'n verdere vyf dae gebruik word.

Die leeskamers bied toegang tot die biblioteekdiens se internetbronne, maar weens moontlike virusgevaar word daar soos by Gesondheidswetenskappe, geen internet/Google toegang verskaf nie. Verskillend is dat elke leestafel met 'n moderne leeslig, asook 'n netwerkpunt toegerus is, sodat kliënte hul eie skootrekenaars moet verskaf. Aangesien dit hul lang vakansie was, was slegs twee van die sewe leeskamers in gebruik tydens my besoek en was daar slegs in een van hulle ('n aparte vertrek met ongeveer 11 studietafels met ongeveer sewe rekenaars, asook 'n bibliotekaris) beskikbaar vir soektogte. By die ander *Reading room* waar die bronne afgehaal word, word geen rekenaars beskikbaar gestel nie, maar wel net die netwerkpunte.

Universiteitspublikasies en die nuutste tydskrifnommers was ook in dié leeskamer uitgestal, maar laasgenoemde is nie so gewild soos die boeke nie. Die daaglikse koerante bly egter baie gewild! Opleiding word aan

studente gegee soos en wanneer die studente wil; een-tot-een of in groepe.

Hul mikpunt is om te verseker dat die hoofbiblioteek ten minste een kopie van elke werk het en dat dit by die verskillende fakulteitsbiblioteke gedupliseer word soos nodig. Laasgenoemde het dus wel sommige titels, maar omdat studente nie altyd seker was wat hulle waar kan kry nie (rol van katalogus?) voel hulle die onsekerheid word so uitgeskakel deurdat die student weet die hoofbiblioteek het wel 'n kopie.



Voorportaal van die Biblioteek

houtbedekte mure en pragtige, gedraaide houtmeubels en -tafels. Ek kon sien hierdie is 'n geliefde biblioteek met 'n publiek wat hul pad ken en dit dikwels besoek. Die gedrukte *Science Citation Index* het 'n hele vertrek gevul. Toe ek vra na die elektroniese weergawe, neem die bibliotekaris my na 'n ander vertrek, weer agter groot swaar houtdeure, waar vier rekenaarstasies en 'n bibliotekaris, wat vinnig nadergestaan het, beskikbaar was.

Alhoewel ek tydens my biblioteekbesoeke in Moskou nie regtig die sale vol boeke gesien het nie, was die tyd wat ek in dié twee biblioteke deurgebring het, uiters genotvol.

Ons moes ongelukkig hul aanbod om die tegniese afdelings te besoek van die hand wys, omdat ons tyd min geraak het. Beide bibliotekarisse het deurentyd met 'n selfoon in die hand geloop en kon toe so onmiddellik die afdeling bel.

Toe ons groet, beklemtoon hulle dat ons as bibliotekarisse "must stay on top of our profession in these changing times" en omdat ons as bibliotekarisse 'n liefde vir beide boeke en mense het, was dit vir hulle 'n voorreg om ons te ontvang. Dis altyd 'n eer om hul kennis met ander te kan deel. Op my beurt het ek genoem dat hulle baie welkom sal wees om ons Biblioteekdiens te besoek indien hulle ooit ons geweste sou besoek! Indien julle dus op 'n dag 'n oproep in Russies kry, onthou asseblief hierdie voor op die wa uitnodiging van my!

Nie net was die besoek aan die universiteitsbiblioteek interessant nie, maar dit het met al die tolkwerk wat plaasgevind het, tog ook 'n klein kykie in die lewe van my broer gegee.

Ek het ook by hul staatsbiblioteek, die *Russian State Library* (RSL) [www.rsl.ru](http://www.rsl.ru) wat uiters sentraal en byna op die Rooiplein se drumpel geleë is, ingeloer. Hier het ek tot my verbasing gesien dat 'n handuitreikingstelsel (vergeelde boekkaartjies in ou hout uitreikingslaaitjies) nog in gebruik is. Verder lyk dit asof hulle 'n groot tekort aan spasie het, want die paar boekrakke wat ek gesien het, was tot oorloep toe volgeprop met boeke (almal baie oud met geelbruin gebinde omslae) wat op enige sy ingedruk in die rak was. Wou dit graag vir julle afneem, maar ongelukkig word die neem van foto's binne die biblioteek verbied.

Sommer so half in die gang was daar 'n fotokopieermasjien hokkie waar twee personelede hard aan die werk was in 'n goed deurleefde werksarea en een het kort-kort so bietjie uit die hokkie getree om asem te skep; kon sien daar word omtrent gewoeker! Ek is op my eie deur die 5 vloer biblioteek met sy mooi houttrappe en het telkens groot houtdeure oopgestoot sonder om te weet wat ek daaragter gaan vind. Meesal was dit leeskamers met



Russiese Staatsbiblioteek: bronsbeeld van Dostoevsky voor die biblioteek

## Moskou-dinge

Watter dekadente vooruitsig was dit net nie... dié 19 dae vakansie in Moskou, die hart van Rusland! My broer Theo, 'n Namibiese diplomaat daar, het genooi en het vasgebyt dat 2008 die jaar vir kuier is!

Ek, bevoorregte vrou, land toe die namiddag van 27 Junie in sonskynweer op Domodedovo lughawe en na 'n vinnige neskop by Theo en my skoonsuster, Tersia se *apartment* vat ons in helder daglig teen 20:00 die pad Rooiplein toe vir 'n mondwaterende inleiding. Die vodka was tydens aanland ook nie te vêr nie, en ek word met 'n glasië verwelkom.

Dis die begin van die Russiese somervakansie, met vele van die 11 miljoen inwoners weg na hul vakansiehuse (*dachas*) in die platteland, alhoewel dit nie vir my 'stiller' voorgekom het nie. Watter gesig was die wonders om my nie: die veelkleurige St Basil's katedraal, sag belig in die namiddagson, die Kazan katedraal waaruit kerkmusiek oor die plein aangerol kom, die Kremlinmuur se unieke torings, Lenin se grafkelder, die reuse tamatiesouskleurige historiese museum, asook hul grootste en bekendste inkopiesentrum, GUM, se sprokieswêreld van betowerende liggies wat die gebou se buitelyne versier. Nooit gedroom ek sou hier op hierdie Rooiplein(!) waar militêre parades in die Sowjetunie gehou is, kon staan nie, wat nog om die bruisende energie daarvan so dikwels tydens my kuier te ervaar nie. 'n Vrolike atmosfeer heers vandag hier met sowel toeriste as plaaslike inwoners wat die area besoek - dag en nag.

Moskou is die Europese stad met die meeste groen oop ruimtes en ons klim vele trappies tydens 'n ekowandelroete tot langs die Moskou-rivier. Laasgenoemde is een van Rusland se 2.5 miljoen riviere, waarvan 120 000 langer as 10 km is! G'n wonder daar is so baie fonteine in Moskou waaroor die Russe so gek is nie. Vele is so groot soos swembaddens en hulle dink niks daarvan om daarin te swem en te baljaar net wanneer hulle die kans kry nie. Die areas langs die rivier is


## Ingrid van der Westhuizen

gewilde ontspanningsplekke met die jeug op rolskaatse (in die winter ysskaatse) en hier word ook fietsgery, gehardloop, eende gevoer en gesonbrand op die graswalle.

Die mees opmerkbare wat betref die vroue se kleredrag, is die skoene uiters hoë hakke wat hulle dra (selfs op die staproete!). Jong vroue het dikwels baie lang, maar goedversorgde naels. Hulle behoort dalk aan 'n *9 inch nail club*? Die mans dra graag skerppuntskoene by jeans.

By Sparrow Hills, 'n boomryke heuwel met panoramiese uitsigte oor die stad, en wat oorheers word deur die hoofgebou van die *Moscow State University* en pragtige tuine, koop ons aandenkings en ek verkyk my aan die bruidspare wat tradisioneel vir troufoto's hier opdaag in *limousines* van alle kleure en geure saam met vriende en familie. Dié roep uit dat die paartjie moet soen, waarop dit dan gebeur onder toejuiging, danspassies en selfs die skiet van bottelproppe. Die Russe trou baie jonk, brei vinnig hul gesin uit en skei weer net so vinnig; gesinne waar ouers hul kinders saam grootmaak, word al hoe meer ongewild en 40% van ma's maak hul kroos alleen groot.

Ek woon 'n verwelkomingsete vir Theo se nuwe kollega by, waar ek die ambassadeurspaar, ander kollegas en hul kinders ontmoet. Die kinders is meesal hoërskool leerders of reeds studente, wat hulle as



mediese dokters daar bekwaam. Tussen ons klompie, het ons 6 inheemse Afrika-tale verteenwoordig en daarmee saam ons verskillende kulture. Wat taal in Rusland betref, is daar vier hoof taalfamilies, maar prakties gesproke is daar geen taalhindernisse onder die Russe nie en almal verstaan almal. Min Russe is Engels magtig en andersins word dit uiters gebroke gepraat. Straatname en aanwysingsborde, selfs in die metro treinstasies is Russies. Die metro stasies is hul "*underground palaces*" wat pragtig versier is om die kultuur- en landstrots te help vestig. Die metro gaan selfs onderdeur die Moskou rivier.

Ons bekyk kunsuitstallings op straat en in duikweë en geniet die opelug *Arts Park* met klip- en houtbeelde oral in dié roosbelaaide park.



Voor die GUM inkopiesentrum op die Rooiplein ('n persoonlike gunsteling)



Beelde van kommunistiese leiers is in die '90's uit die stad verwyder, met 'n paar wat hier staangemaak is. Kunsstudente van die nabye kunsskool, sit en skets tussen die denagtige *firs* en ons geniet die windstil, sondeurdrenkte dae, terwyl die Kaap verspoel.

Dis somer en ons beleef 'n donderstorm met die mooiste aandlug naby Gorky Park pretpark en dit 'grom' behoorlik soos die Moskwiete sê. Ons eet lekker populêre etniese disse op 'n drywende restaurant-

boot vir relatief goedkoop, en dit wil gedoen wees in Moskou: o.a. *shashliki* (kebabs), *Churchill* ('n kaasbord bestaande uit gerookte, dun spagettiagtige repies kaas) en *blini's* (gevulde pannekoeke).

'n Ander prettige aand eet ek rooi kaviaar en ons dans tot ounag by hul *Old Havana Club* tot ons doof daar uitstap. Die lewendige musiek, danse en toertjies van die Latyns-Amerikaanse dansers in die mees ongelooflike, kleurvolle uitrustings (soms bra eina) was 'n fees vir die sintuie!

Nog 'n onvergeetlike ondervinding was die Tretyakov Museum met die grootste versameling Russiese kuns - 100 000 werke. Veral hul antieke versameling, klein brons perdebeelde, en Ivanov se 7 m hoë "*Appearance of Christ to the people*" skildery was manjifiek. Dié museum het onlangs, saam met 'n advertensie maatskappy, 'n veldtog geloods waar 40 wêreldklas skilderye vir 3 maande op 400 advertensieborde langs Moskou se paaie vertoon is om te wys kultuur is binne bereik van almal en trots in die moederland verder te ontwikkel. Nog 'n kunsprojek wat ek waargeneem het, was ongeveer 50 tafels wat deur kunstenaars geverf is, uitgestal is in van die pragtuine en daarna opgeveil gaan word ter bevordering van kunsskole in laerskole.

Oor die argitektuur kan ek liries raak! Waar ek op straat beweeg



Moskourivier met Kremlin in die agtergrond. Groendakgebou het 12 jaar geneem om te voltooi: was voorheen die woning van tsars, maar vandag gebruik om hooggeplaastes te ontvang.

het, was daar met elke draai van my kop, iets besonders! Van die neo-klassieke tot ultra-moderne inkopiesentrums, kantoorgeboue, die vele katedrale met hul goudbeslaande koepels tot die spierwit Pashkov House, ('n imposante *mansion* gebou vir 'n superryk kaptein in 1784). Hierdie paleis van 'n plek vorm steeds deel van die Russiese staatsbiblioteek, wat meer as 40 miljoen bronne besit. Daar word gesê Russiese argitekte begin 'n gebou ontwerp vanaf die fasade, omdat dit vir hulle belangriker is hoe die gebou van buite lyk, terwyl hul Europese eweknieë meer belangstel in, en aandag gee aan, die binnekant.

Rusland is tans die land met die derde meeste buitelandse valuta- en goudreserwes. In die lente van 2008 het hul spaargeld aan olie- en gasverkope byna \$650 biljoen beloop. Daar is geld in die bank; politieke stabiliteit en die populêre mening dat daar nou bygekome moet word by Wes-Europa, sodat hulle nou 'sement gooi'. Voorbeelde is *Moskva City*, 'n US\$12 biljoen projek en *Eurasia City*, 'n nuwe dorp vir 150 000 inwoners naby die stad. Die konstruksiebedryf, wat opknappingswerk aan geboue insluit, is tans *huge*.

Die Christelike geloof word grootliks aangehang in die vorm van die Ortodokse Kerk waar die Skrif tot op die letter nagevolg word met die hoofdoel om die

geloof te bewaar soos dit deur Christus verklaar is. Die Russiese woord vir ortodoks (*pravoslavny*) beteken letterlik "ware woord".

Die Ortodokse Kerk vervul nou weer hul rol in die *gemeenskap*. Terloops, die tweede grootste geloof in Rusland is Sunni Islam. Die binneversiering, sensitiewe skildery en pragmusiek in die ortodokse kerke is

so mooi, omdat hulle glo dat die kerk die poort voor die hemel is; daarom bied hulle die mooiste aan wat hulle kan. Vandag kan mens steeds op byna elke hoek in Moskou staan en 'n kerk sien; asook 'n hyskraan! vanweë die baie opknappingswerk. Die oorspronklike *Church of Christ The Saviour* wat deur Stalin verwoes is, is weer in die laat '90s presies soos voorheen, met staatsgeld opgebou tot groot ontsteltenis van die bevolking (hulle het toe nog baie swaar gekry). Dis nie net asemrowend van binne nie, maar het reusagtige deure!

*Sub Botnika* is the jaarlikse *spring cleaning* waartydens bome en struik aangeplant word, huise afgespuit word, 'sement oerwoude' (daar is ongelooflik baie hoë beton woonstelblokke) met blomme versier word. Wat 'n plesier was dit nie om hierdie veilige, skoon stad te verken, waar blombeddings in die mooiste denkbare kleurkombinasies, om elke draai wag nie.

My hele besoek was 'n hoogtepunt, maar die *St Basil's* katedraal was baie spesiaal met die klein mannekoor se optrede daarbinne. Dié katedraal, wat geïnspireer is deur tradisionele Russiese houtargitektuur, is waarskynlik hul mees geliefde simbool. Dis 61 meter hoog en bestaan uit 8 kapelle wat opgerig is om die oorwinning oor die streek Kazan te vier. Die storie word vertel dat *Ivan*

*the Terrible* die argitek verblind het, deur sy oë uit te steek, om te voorkom dat hy nog so 'n pragstuk ontwerp.

Oppad na Zavidavo in die platteland ervaar ek een van hul uitgerede paaie. Wat die infrastruktuur betref, is dit die regering se doel om teen 2020 \$1 triljoen op infrastruktuur soos paaie, spoorlyne en lughawens te spandeer. Hul beraam daar word 232 miljoen US\$ benodig vir die herstel van hul paaie alleenlik. Ons hou piekniek langs die Volgarivier, loer in by 'n ortodokse kerkdiens, waar daar veel meer ouer vroue as mans teenwoordig is, en besoek 'n massiewe ontspanningsoord. Ons loop rond, geniet 'n drankie met ons tone in die Volga, bekijk die swart visse wat stil-stil met hul rûe bo die water wei; en oornag by die Dafna hotel waar ons joviale "nuwe Russe" (hulle is jonk, ryk en het 'n besigheid) raakloop. "Boom, boom crocodile. I like Crocodile jacket" sê die een toe hulle hoor ons is van Afrika. Ouer vroue verdien geld deur hul tuisgekweekte vars- en gebottelde produkte soos kersies, frambose en groente uit te stal op tafeltjies, wat somer so langs die grootpad voor hul huisies staangemaak word. 'n Mens sien hulle ook in die stad in duikweë en nabye besige areas sit.

Omdat die land so woudryk is, is meeste van die *dachas* uit hout gemaak, dikwels sonder 'n enkele spyker deurdat die hout op 'n spesifieke manier gepak word. Hulle praat dan ook van "kap 'n huis" in stede daarvan om dit te bou. Terloops, die ekosisteem van 80% van Russiese gebied is onaangeraak deur die mens en Rusland beslaan 20% van die wêreld se landmassa!

*Ulitsa Arbat* was in die 15e eeu 'n voorstad van Moskou en bewoon deur skrywers en intellektuele. Vandag is dit 'n voetgangerstraat met restaurante en winkels asook straatkunsenaars en stalletjies. Hier kry ons 'n paar Suid-Afrikaners met Springboktruie aan (na afloop van nog 'n verloorwedstryd). Ek koop ook 'n stukkie Russiese kant



vir ons huis.

Die *New Moscow Circus* was 'n hoogs aanskoulike vertoning om die minste te sê. 'n Adam in sy adamsgewaad gee 'n vertoning by die fontein hier, nog voor die *spectacular* sirkus s'n! Dalk het die vodka te hard gepraat? Die laaste naweek onderneem ons 'n bootrit al langs die rivier en sien somer so van die boot af 'n deel van die eerste Formule 1 resies wat rondom die Kremlin gehou word.

Te gou was dit tyd om my 6 kg oorgewig tas in te boek vir die terugvlug, en die ekstra swaar afskeid, want dis Theo se verjaarsdag en beide ek en Tersia vlieg huis toe; sy na Windhoek vir 'n familie-verjaarsdag daar en ek na my gesin. Touwsrivier se hoërskoolkoor, wat saam op die terugvlug van Dubai was, sing *We thank you Lord* op Kaapstad Internasionaal toe ons ons voete weer op SA grond sit.

Ek, dankbare vrou, kry 'n knop in my keel en sê dankie vir 'n onvergeetlike *once in a lifetime* ervaring!

#### Wat ek van Moskou hou

- My familie *daar!*
- Dit bruis van die geskiedenis
- Die eindelose voorbeelde van wêreldklas kuns, argitektuur en stylvol geklede vroue.
- Die vele kerke, katedrale en geboue, die een mooier as die ander
- Dis straatteater op sy beste.
- Dis gelaai met energie - dag en nag
- Dat hulle nou hul eie renaissance

geniet met ou, vervalde geboue wat uitmuntend geres-toreer word.


- Die uifers vars, koel en skoon strate na 'n bui somerreën.
- Andersins ook nie juis besoedeling nie.
- Boomrykheid en pragtig beplande, kleurryke blombeddings en hangende blommemandjies oral.
- Die kinders wat sokkies dra by hul sandale.
- Die vele mooi fonteine en die inwoners wat dit

baldadig geniet!

- En vele, vele meer...

#### Wat ek nie van Moskou gehou het nie (as ek iets moet noem)

- Mens kan somer gou raas kry, want klerke en kassiere praat mens gou en hard aan wanneer jy net effe uit die spoor trap, as jy bv. verbyloop by 'n betaalpunt vir gebruik van die *tualyet* (klein-kamertjie).
- My 30ste huweliksherdening daar sonder my man.



**Company of liars: a novel of the plague / Karen Maitland.**

The year is 1348, Midsummer's Day, in a year of rapid climate change. The rain started and did not stop again until Christmas day six months later. Crops failed and disease thrived. It was also the time when the plague arrived on British shores. A chapter at the back of the book describes the various plagues and it would appear that it was the pneumonic plague and not the Black plague. Against this backdrop of rain, floods, panic, turmoil, fear and superstition is an ill-assorted group of travelers that come together to escape the plague and to find a safe route to the north. One by one the travelers die strange deaths and they begin to realize that there is another force at play in their lives and one by one they are forced to tell the truth about themselves.



**The Spanish bow / Andromeda Romano-Lax.**

“Andromeda Romano-Lax originally conceived the work that would become *The Spanish Bow* as a nonfiction book about the great Spanish cellist Pablo Casals. But as she immersed herself in the research, her imagination was stirred by personalities and themes that overflowed the bounds of Casals’s life and times – especially the dilemmas faced by other artists and performers in wartime who struggled to reconcile the demands of their craft with the demands of conscience. Before long, Romano-Lax abandoned the limitations of nonfiction, choosing instead to compose a work of historical fiction based on her extensive research.”



The story becomes that of Feliu Delargo who lived in a poor village in the north of Spain and who was bequeathed a bow by his father

who died fighting for Spain and how he became a famous cellist. Intertwined with his life is that of a piano prodigy Justo Al-Cazzera and the tests that were put to him when their lives intertwined with that of Aviva, a Jewish Italian violinist who was searching for a loss in her past. The novel is set at the start of the century, moving to 1920s Paris, the Spanish Civil war and finally to the chaos of Nazi-occupied Europe. The story takes the form of Feliu telling his recollections to a journalist which we know at the beginning of the book but are not reminded of again till the end of the book.

**Nicky Palmer**

**The Sword of Truth / Terry Goodkind**

Gryp 'n warm kombes, 'n beker warm sjokolade en krul jou lekker op 'n gerieflike stoel op met hierdie opwindende reeks. Die “Sword of Truth” series is 'n moet lees vir die fantasie entoesiaste. Die reeks kan losweg beskryf word as gelykstaande aan 'n mengsel van die “Lord of the Rings” en “Harry Potter” boeke. Die boeke het 'n groot verskeidenheid karakters en elke volume is 'n verhaal op sy eie wat saamgebind word deur die karakters en gebeure/avonture in die algehele verhaal.

Die boek handel oor 'n gewone man, Richard Cypher wat uitreik om iemand te help om 'n naamlose “wizard” op te spoor en dan begin sy reis en ontdekkingstog. In sy soeke leer hy van sy erfenis terwyl hy probeer om die wêreld van slegtheid te red. Deur te weier om sy waardes prys te gee en om eerder sy lewe as 'n vry man te lewe, begin ander ook die edelheid van mense verstaan en wat dit beteken om as 'n vry mens te lewe. Elke boek is gebou rondom 'n “Wizard’s rule” waarby alle “wizards” hul moet neerlê.

Die boeke is met tye ontstellend, maar lees ongelooflik lekker en 'n mens word vinnig deel van die karakters. 'n Lekker fantasie avontuur.

ABC Studios is tans besig om 'n televisiereeks van die “Sword of Truth” reeks te maak wat binnekort gaan begin (hoop hulle saai dit ook hier in Suid-Afrika uit).

**Selma Kloppers**



- Die lys van die Sword of Truth series**
- Prequel: [Debt of Bones](#)
  - Boek 1: [Wizard's First Rule](#)
  - Boek 2: [Stone of Tears](#)
  - Boek 3: [Blood of the Fold](#)
  - Boek 4: [Temple of the Winds](#)
  - Boek 5: [Soul of the Fire](#)
  - Boek 6: [Faith of the Fallen](#)
  - Boek 7: [The Pillars of Creation](#)
  - Boek 8: [Naked Empire](#)
  - Boek 9: [Chainfire](#)
  - Boek 10: [Phantom](#)
  - Boek 11: [Confessor](#)

**The Little black dress deur  
Susie Maguire**



'n Vriendin het die boek vir my in die hand gedruk met die opdrag om dit in my tas te sit vir daardie oomblikke wanneer jy moet wag en gou iets wil lees. Omdat my vlugte op JFK met ure vertraag was, het ek met dankbaarheid die boek uitgehaal en begin lees. En totaal verlore geraak in die stories. Dit is 'n wonderlike aanwinst vir jou eie boekrak. Die stories gooi jou rond tussen onder andere verleiding, feesviering, wraak, rou en moontlik moord. Die ideaal sou wees om elke storie apart van mekaar te lees.

Ek haal 'n beskrywing aan wat ek op Internet gekry het: "The little black dress: an anthology of short stories by women writers. An elegant collection of writings from various women writers of different nationalities who see the little black dress in varying roles."

Susie Maguire is die redakteur en dit sluit skrywers in soos Stella Duffy, Kate Mosse, Candia McWilliam, Muriel Gray, Morag Joss, Yvonne Adhiambo Owuor, Jean Marsh en Michelle Berry.

NS: Ek wonder net: Wat sou jou invalshoek gewees het as jy 'n storie moes skryf oor "The little black dress!"?


**Marleen van Wyk**

.....  
**Stormkaap: drome kom altyd andersom uit, deur Andre Trantraal, Nathan Trantraal en Andre Marais.**

Die bekendstelling van die eerste grafiese roman in Afrikaans was onlangs by die jaarlikse boekfees in Kaapstad. Die drie jong mans verantwoordelik vir die roman is van die Kaapse Vlakte. Hul harde werk is beloon met 'n uitstekende ontvangs in die boekewêreld. Jonathan Shapiro, beter bekend as Zapiro, was die een wat hulle aangemoedig het om hulle talente te ontwikkel.

Andre was vir die skryfwerk verantwoordelik terwyl Nathan en Ashley die uitmuntende potloodtekeninge gedoen het.

Aan die hand van kleurvolle tekeninge en eg Kaapse Afrikaans word die leser bekend gestel aan die twee hoofkarakters. Hulle is twee skoolseuns, Christo, 'n wit seun van



Ruyterwacht, en Russell, 'n bruin seun van Bishop Lavis. Albei het dieselfde droom, hulle wil dolgraag vir die Western Paladins rugbyspan speel.

Die roman gaan oor tieners, rugby, seks, "drugs" en gekruide taal kom algemeen voor ... soos Andre Trantraal dit stel, wou hulle die verhaal geloofwaardig en eg hou.

Dit is verblydend dat die drie jongmanne van die Kaapse Vlakte hul energie op so 'n talentvolle en konstruktiewe manier kon gebruik.

Hierdie grafiese roman is in die US Biblioteekversameling - by die Opvoedkunde biblioteek.

Model School Library (Book) CGM 836 TRA

**Joy Labuschagne**

.....  
**MOXYLAND deur Lauren Beukes, 2008  
Jacana Media, Johannesburg**

Michiel Heyns describes this books as a "dystopian novel" and compares it to the likes of Orwell's 1984 and Huxley's Brave New World.

It is a sci-fi look at Cape Town in 2018, and the ultimate horror of a repressive society ruled by a few elitist groups. The ruling corporate regime divides people into the corporates and the civilians.

A motley group of characters emerges as the rebels, protesting the system and in their own unique ways, sabotaging the regime. Cell phones are the ultimate control agent and punishment for obstructive behaviour varies

from a slight cell phone burn to bio-tech police dogs running you down and to total cell phone disconnection (which equals social suicide).

Moxylnd is described by other reviewers as "funny, gritty, full of infectious ideas and deeply disturbing". The language is typical sci-fi: full of neologisms, word-melds, hypertechno speak and slithery dialogue. Definitely something else ... but if you want to be "in" with the latest book-hype, don't miss this one.



JS Gericke 828.99683 BEU 2 MOX

**Carine Tymbios**

## FOTOBOEKE

Twee koffietafelboeke wat 'n mens se aandag dadelik trek, is John Hone se *Encounters with the dragon: a photographer's passion for the Drakensberg* (968.47 HON) en Michael Poliza se *Eyes over Africa* (E POL).

John Hone is versot op die Drakensberg en *Encounters with the dragon* is die produk van dekades se stap- en kampeertogte. Dis duidelik dat die kleurfoto's deur 'n meesterfotograaf geneem is en die Drakensberg kan gesien word in al sy fasette: dwarsdeur die vier seisoene; van sonsopkoms tot -ondergang; fauna en flora; rotstekeninge; tradisionele jagters; buitengewone bergklimmers en nog vele meer. Daar

is ook heelwat teks wat die foto's aanvul en die omstandighede rondom die neem van die foto's verduidelik.

Michael Poliza het van Kaïro tot in die Kaap in 'n helikopter oor sewentien lande gevlieg en lugfoto's geneem en *Eyes over Africa* is die produk van hierdie reis.




Onmiddellik ná die titelblad begin die dubbelblad kleurfoto's (37x47 cm). Die foto's vul die hele ruimte en daar is geen teks of omlysting nie - slegs bladsynommers. Die eerste foto is van die piramide van Djoser en a.g.v. die buitengewone hoek waaruit die foto geneem is, tref dit die kyker as nuut en verrassend. En die volgende 180 foto's het dieselfde impak! Die laaste en suidelikste foto van die

reeks is 'n gedeelte van die Sederberg. Dan volg 'n paar bladsye teks (in 5 tale) en heel laaste is daar kaarte om aan te toon waar elke foto geneem is, sowel as 'n klein weergawe van elke foto met verduidelikende teks daarby.

'n Ander buitengewone fotoboek deur Poliza is *The essential Africa* (779.996 POL). Die formaat van die dubbelbladfoto's is heelwat kleiner as dié van *Eyes over Africa*, maar die manier waarop dit aangebied word, is weer eens buitengewoon sodat 'n mens met nuwe oë na bekende diere en landskappe kyk.

*National Geographic* se fotograawe het 'n mededinger.


**Anneke Schaafsma**



# Die Bib: Uit die dagboek van 'n oud-student en –dosent

Chris Ackerman

Ek kom 'n lang pad met die Bib – sowat 50 jaar. As kind het ek naby die kampus grootgeword, en as laerskoolseun een aand Carnegie toe gegaan om materiaal te kry vir 'n skooltema. Ek het



Carnegie-gebou

een of twee boeke en 'n paar artikels gekry waaruit ek kon “notes” maak vir my tema. Dit was vroegaand, want soos enige instansie met selfrespek het die Carnegie hier teen agtuur saans gesluit. Toe ek daar uitkom, sê een van die studente voor op die trappies vir sy pêl: “Hy swot seker...”. Ek kon gelukkig nie hoor wat hy sê nie, anders het ek dalk later verkeerde goed geswot.

Die tannie wat my in die Bib gehelp het – toe, en later in my studentejare – was tannie Le Roux. Sy was omtrent al tannie daar wat vir ons saak gemaak het, want sy het alles geweet, vir jou die regte boeke help soek, die boeke wat jy uitneem met datums getjap, en 'n bietjie met jou geraas as jy hulle laat terugbring. Later het ons nog 'n tannie ontdek: tannie Anna Brink. Sy het ook later van alles geweet. Ek het partykeer 'n oom ook gesien wat gelyk het of hy daar werk, maar hy was net daar by die ingang rond te sien. Hulle het gesê hy was oom Vlooi. Ek weet nie hoekom nie, want hy was nie regtig so klein nie.

Mettertyd het ons gehoor hulle sê die Carnegie raak nou te klein en hulle gaan moontlik aan die agterkant aanbou. Ek het gedink dit is 'n goeie plan, want agter die Carnegie was daar net rankplante en slakke. Maar toe kap hulle eendag oom Jannie se grasperke stukkend en hulle grawe 'n groot gat daar. Toe bou hulle 'n nuwe Bib in die gat. As hulle liever 'n parkeerplek in die gat gemaak het en die Bib bo-op gebou het, sou daar

dalk nou parkeerplek vir al die rektore, vise-rektore en direkteure op kampus gewees het.

Sjoe, die nuwe Bib was baie groot, maar hy het net twee

vertrekke gehad – “double storey”. Die Carnegie het baie vertrekke gehad waar jy boeke kon soek (vir akademiese doeleindes) of 'n meisie kon soek (vir ander doeleindes). En hulle het met die trek na die nuwe Bib die treintjie in die Carnegie vergeet. Dit was die ry groen “cubicle”-tafeltjies waar jy in vrede en ongestoord akademiese verdieping kon ondergaan. Party ouens het egter die treintjie verkeerd verstaan. Hulle het daar gaan vry, want tannie Le Roux-hulle het nie dikwels daar gekom nie.

Gelukkig het hulle nie met die oortrekkery die katalogus ook vergeet nie, want dit was ons “life-line” na akademiese sukses en “die groot wêreld wat daar buite wag”. (Dié “groot wêreld” het daardie tyd tot by die Oranjerivier gestrek, en vir sommige koppiges miskien tot by die Vaal of Limpopo, maar Vancouver,



London en Perth was toe nog baie ver buite ons wêreld). Ja, die katalogus was mos rye laaikassies op hoë pote met sulke hoë stoeltjies daarby. 'n Ou soos ek, wat nie eintlik met kroegstoele bekend was nie, het gewoonlik liever voor die kassies gestaan, want netnou donner ek van daardie stoeltjie af terwyl 'n meisie daar naby my sit.



Die kaartjie-katalogus was in drie hoofafdelings gerangskik: Titel, Outeur en Onderwerp. Ons het gou geleer dat die “Onderwerp”-een nogal 'n moeisame soektog kon afgee, en het gevolglik altyd probeer om met 'n outeur of titel gewapen daar aan te kom – paraat vir die stryd. Maar die katalogus was eenvoudig en effektief, en die domste ou kon hom redelik bedryf, soms met 'n tannie se hulp waar nodig.

Toe ek reeds dosent by US was, kom ek op 'n dag met die mooiste (akademiese) bedoelings in die Bib aan, en... “my” katalogus is weg. Seker verskuif? Ek vra vir die dame (nie 'n tannie nie) by die naaste lessenaar.

“Die katalogus is gerekenariseer, Meneer”.

“Ge-wat?”

(Onthou nou: al wat ek toe nog van 'n rekenaar geweet het, was die een wat my aangetroude dosent-vriend by Elektroniese Ingenieurswese eendag vir my gaan wys het).

Die dame sê weer iets van “gerekenariseer” en ek hoor iets van

“meer gebruikersvriendelik”. Toe is ek totaal en volledig in my m\*\*r. En om te dink ek het al die tyd geglo ek weet min of meer wat “gebruikersvriendelik” beteken! Die draer van die “blye tyding” het vermoedelik aan my liggaamstaal iets van my algehele teleurstelling, ontredde, verbystering, ont-nugtering en belewing van verwerping en verlatenheid gelees, want sy sê toe (op oënskynlik baie simpatiese toon) dat dit die beste is as ek met die betrokke vakreferent gaan praat.

Ek moet weer vra: “Die wat?”

Sy verduidelik toe vir my watse ding ’n vakreferent is, en van ene mej Marie Bakkes wat digby die onderpunt van die glybaan gestasioneer is. ’n Skrefie lig begin opgaan, want ek het geweet wie die stralende Marie Bakkes is. Ek gly af ondertoe in hoop op uitkoms. Toe ek Marie se empatiese en uitnodigende glimlag sien, gaan ek snot en trane aan die tjank.

“Moet ek noodhulp inroep?” vra ’n bewerige damestudentestem iewers vaagweg.

“Ag nee wat. Ek sal sommer die oom in sy nood help.”

Marie vat aan my. “Toemaar, dis nie so erg nie” en “Ek sal jou help” en “Elke donker wolk het ’n silwer randjie” en so aan. Ek het later besef die “silwer randjie” was al die tyd die raam van die bleddie rekenarskerm, maar ek sal dit nie teen Marie hou nie.

Sy gaan wys my toe mooi hoe die “gerekenariseerde en gebruikersvriendelike” katalogusstelsel werk. Probleem is net: my oë is toe nog so geblurr van die laaste stuiptrekkende trane dat ek omtrent niks kan sien nie, en van al die skokervaringe was my kognitiewe sisteem in elk geval so geblurr dat ek nie veel sou verstaan of onthou nie. Ek moes dus later terug na Marie vir opvolgklasse. Nadat Marie later weg is, het Annemarie Maritz haar opgevolg en die moeisame stryd voortgesit. Dierbare, hulpvaardige en gewaardeerde mentors.

Mettertyd kry ek die ding lekker by die “handles” beet. As ek by daai “menu” begin, kon ek nogal my weg vind na boeke, tydskrifartikels, ens. Die enigste oorblywende probleem is toe dat ek op ’n dag daar kom, en die “menu” is nie op die skerm nie. Die een of ander klein donner het die ding net daar gelos waar hy/sy laas gewerk het, en iemand moes my eers kom help om weer by die “menu” uit te kom. Maar met die vakreferente en talle ander “biblioteektannies” se volgehoue bekwame en professionele hulp en leiding het ons uiteindelik, wonder bo wonder, tussen ons ’n M-tesis, ’n D-proefskrif en ’n aantal tydskrifartikels aanme-kaar geslaan.

Dit was darem ook nou nie asof ek nie vroeër reeds probeer voorsorg tref het vir die jare wat voorlê nie. Teen die laaste fase van my aanvanklike studentejare het ek besef dit kan vorentoe die moeite loon om iemand na aan jou in die Bib te hê. Daarom trou ek toe met ene Anna van Rhyne pas nadat sy Biblioteekkunde geswot het. Nie dat dit veel gehelp het nie, want toe die moeilikheid later kom (dis nou die gebruikersvriendelike gerekenariseerde stelsels) plaas hulle vir Anna agter glas, totaal immuun teen

studente en dosente. En tans is sy in die Africana-versameling opgeneem.

Ek praat baie van die “biblioteektannies”, maar na die oprigting van die nuwe Bib het ek agtergekem dat daar toenemend meer mans is wat lyk of hulle daar werk. Ek het gedink hulle is eintlik daar om die tannies te help om die swaar boeke heen en weer te dra. Toe kom ek agter die een oom is nou die baas van die Bib. Sy naam was oom Hennie. Toe het hy nie meer die boeke vir die tannies gedra nie. Die US het blykbaar hul fout agtergekem en ’n tannie die baas gemaak. Dis reg so, want wat is ’n Bib sonder ’n tannie? Nou kan die ooms weer die boeke rondra.

Ek het gesê ek het nou al sowat 50 jaar ’n band met die Bib. Soos Anna aangaan, sal dit seker minstens nog 50 jaar wees. Ek dink Africana moet ’n slag bietjie “huis skoonmaak” en van die ou goed uitgooi – Anna inklusief – en die Africana-versameling ’n bietjie opdateer. Almal streef mos na transformasie, vernuwing en so aan?



JS Gerike Biblioteek



